# AAN PAUL KRUGER

Neem o groot leier
hulde van jou kinders aan,
waar ons tussen baie grafte
eerbiedig bij jou graf blij staan.

Volksman, Godsman, Vader
ook van die jong geslag,
besiel ons met jou drome
vervul ons van jou krag!

Sodat ons trots onsself mag wees:
Afrikaans in hart en gees,
Afrikaners wat reguit trap
in jou spore, stap vir stap.

Johanna van Broekhuizen

# 10 OKTOBER: KRUGERDAG

Oktober is ons heldemaand. In Oktober het so baie groot Afrikaners hul eerste lewenslig aanskou: Martinus Theunus Steijn, President van die Oranje Vrijstaat; F. W. Reitz, President van die Oranje Vrijstaat vóór M. T. Steijn en later Staatssekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek; Generaal Christiaan de Wet; Generaal (oom Koos) de la Rey en op 10 Oktober 1825, Stephanus Johannes Paulus Kruger, President van die Suid-Afrikaanse Republiek.
10 Oktober is ons Krugerdag. Want die figuur van Paul Kruger is verteenwoordigend van die heldegeslag wat die fondament van ons volksbestaan gelê het in onversaagde strijd en wijse regerings-beleid.

Kruger:

Soos 'n berg, ongebuk,
breed en bonkig van stuk,
dis hij!....
Die gelaat, hap vir hap
uit die kranse gekap
elke kerf, elke knou
harde noodlot se hou;
elke moet, elke merk
vrijheidsvijand se werk,
dis hij!

Jan Celliers



Dis al baie jare dat ons Afrikaners, waar ons ons ook mag bevind, op 10 Oktober bijmekaar kom om te luister na toesprake oor oom Paul se besielde en besielende lewe.
Elke skoolkind kan u vertel van die gewoonte wat die burgers van die Suid-Afrikaanse Republiek gehad het om ook met hul privaat moeilikhede na die President te kom, en dat hulle hul altijd bij sij uitspraak neergelê het.
So was daar eenmaal twee broers wat nie kon ooreenkom hoe om hul erfenis te verdeel nie. Natuurlik gaan hulle toe na die President toe en vertel hom dat hul vader hul 'n groot stuk grond nagelaat het, maar dat hul dit nie kan eens word oor die verdeling nie.
Die President het so 'n bietjie nagedink, toe sê hij: „Die oudste moet die erfenis verdeel en die jongste moet kies."
Eenvoudig en raak was altijd sij raadgewing. Raak en onvergeetlik sij teregwijsing. Dit kan 'n sekere koetsier getuig, wat eenmaal vir die President gerij het. Hierdie koetsier het die gewoonte gehad om Gods naam ijdelik te gebruik. Ek weet nie wat die koetsier se naam was nie, laat ons maar sê dit was Jan.
Tussen President Kruger en Jan het die volgende toneeltjie zig afgespeel:
Die President rij in sij koets met Jan op die bok.
President Kruger: Jan!
Jan: Ja President?
(Stilte. Na 'n paar minute:)
President Kruger: Jan!
Jan: Ja President.... wat verlang President?
(Stilte. Jan keer hom om en kijk na oom Paul, maar oom Paul neem niks notiesie van hom nie. Na 'n tijdjie:)
President Kruger: Jan!
(Jan vlieg om.)
Jan: Maar President, waarom roep u mij die hele tijd verniet?
(Die koets het tot stilstand gekom en die koetsier staar oom Paul verontwaardig aan.)
President Kruger: En wie is jij, Jan? 'n Paar keer het ek jou verniet geroep, en nou is jij vir mij kwaad. — Hoe dikwels het jij God nie onnodig aangeroep nie?
Dit was die laaste keer dat Jan Gods naam ijdelik gebruik het.

Ligaamlik was Paul Kruger buitegewoon sterk, met 'n taaie uithoudingsvermoë. In sij jong dae het hij 'n kafferkaptein se vinnigste hardloper uit gehardloop in 'n resies wat 'n hele dag geduur het.
Op jag, dae reis die wildernis in, het sij geweer gebars en sij duim verbrijsel. Daar was gevaar vir bloedvergiftiging. Nie een van sij mede jagters het die moed gehad om die duim af te sit nie. Toe het Paul sij sakmes geneem en self sij duim afgesnij.
Paul Kruger het die Bijbel lief gehad. In die Bijbel het hij besieling en leiding gevind. Hij het dikwels self in die kerk gepreek.
Met 'n kafferoorlog het hij saam met die vasgekeerde kaffers agter in hul grot gegaan. Dit was pikdonker sodat hul nie kon sien dat daar 'n blanke tussen hul was nie. Daar het hij hulle in hul eie taal toegespreek en oorgehaal om hul vroue en kinders uit te stuur, en hul verseker dat die Boere die vroue en kinders g'n kwaad sal doen nie. Hulle het na hom geluister en so het hij die lewes van daardie kaffermeide en kafferkinders gered.
Dit het gebeur in dieselfde kafferoorlog dat die Boere bo-op die grot was. Deur 'n spleet in die rots het die kaffers kommandant Potgieter neer geskiet. Hij het na benede gestort voor die ingang van die grot. Sonder hom vir 'n oomblik te bedink het Paul Kruger agterna gespring en die lijk van sij vriend gaan haal.
Dis van dergelike gebeurtenissen uit die lewes van ons groot manne wat op Heldedag vertel word.
Elke jaar groei die getal deelnemers. Hierdie jaar word te Pretoria alleen 20 duisend mense verwag. Daar sal, soos gewoonlik, 'n optog wees na die Kruger-monument, waar kranse gelê sal word. Die skilderagtigste van die optog is altijd die perdekomandos; die besielende: die duisende jongmense wat deelneem.
Ook hierdie jaar sal Paul Kruger se boodskap gebring word: „Soek in die verlede al die skone en edele en vorm daarna jul toekoms-ideaal," woorde wat pos gevat het in die harte van Paul Kruger se volk. Want van heinde en ver kom ons saam om uit ons roemrijke verlede krag te put vir die hede en die toekoms.

Johanna van Broekhuizen